education

Department of Education
FREE STATE PROVINCE

# GRAAD 7

# SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

## NASIENRIGLYNE

## NOVEMBER 2025

**PUNTE: 50**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 6 bladsye.**

## AFDELING A: Kolonisering van die Kaap in die 17-18de eeu (15 punte)

### Vraag 1

1.1 WAAR ✓ (1)

1.2 Afrika-boere het hulle in die ooste gevestig omdat daar goeie somerreënval was om gewasse (sorghum en giers) te kweek. ✓ (1)

**[2]**

### Vraag 2

2.1 C ✓ (1)

2.2 Om skepe van vars voedsel (vrugte, groente en vleis) en water te voorsien. ✓ (1)

*Redes waarvoor ook 1 punt toegeken kan word:*
- Matrose kon rus en gesond word.
- Skepe kon herstel word.

**[2]**

### Vraag 3

3.1 Redes: Dit was te duur om soldate en matrose te betaal vir werk. ✓
Plaaslike inwoners (Khoi-Khoi) wou nie vir hulle werk nie. ✓ (2)
Slawe kon verniet werk / hoef nie betaal te word nie.

3.2 Enige TWEE van die volgende:
Landbouwerk / Boerdery, robvang, tuinmaak, vee oppas, huiswerk, huise en paaie bou, die verversingstasie bestuur, huishulpe, visvang. ✓✓ (2)

3.3 Vryburgers was vry ✓ (en het grond besit),
terwyl slawe geen vryheid gehad het nie ✓ (en nie grond besit het nie). (2)
(*Enige relevante verduideliking.*)

3.4 Eie mening – voorbeeld:
Nie regverdig ✓ omdat mense (slawe) hul vryheid verloor het. ✓ (2)
*Leerder se mening moet met 'n geldige rede ondersteun word.*
*Ken 1 punt toe vir die mening en 1 punt vir 'n geldige rede*.

**[8]**

### Vraag 4

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 4.1 | C ✓ | 4.2 | A ✓ | 4.3 | B ✓ |

**[3]**

**TOTAAL AFDELING A: [15]**

## AFDELING B: Samewerking en konflik op die grense van die Kaapkolonie in die vroeë19de eeu. (35 punte)

### Vraag 5

5.1 D. ✓ (1)

5.2 Nege ✓ (1)

5.3 Hoofman Maqoma ✓ (1)

5.4 Koloniseer = Om grond oor te neem en die hulpbronne daarop te gebruik. /Wanneer 'n land beheer oor grond/mense in 'n ander gebied neem en die hulpbronne daarvan gebruik. ✓ (1)
*(Enige relevante definisie.)*

5.5 Nederland of Holland ✓ en Brittanje ✓ (2)

5.6 1820 - Britse setlaars ✓;
Enige EEN van die volgende:
Hulle is na die Oos-Kaap gebring om op plase te boer, *OF*
om te keer dat die Xhosas die Zuurveld betrek, *OF*
en om die grens te versterk. ✓
*(Enige EEN rede)* (2)
**[8]**

### Vraag 6

6.1 WAAR ✓ (1)

6.2.1 Gariep ✓ (1)

6.2.2 Tswana ✓ (1)

6.2.3 Kora en Griekwa ✓ (1)
**[4]**

## Vraag 7: Gevallestudie: Robert Moffat

7.1 Kuruman ✓ (1)

7.2 Sendeling =
'n Persoon wat godsdiens versprei en gemeenskappe help ✓ / (1)
'n Persoon wat na 'n ander land gaan om mense oor die Christendom te leer en hulle te help om nuwe vaardighede aan te leer.
*(Enige relevante definisie.)*

7.3 Tswana ✓ en Griekwa ✓ (2)

7.4 Sodat mense die boodskap in hul eie taal kon verstaan. ✓ (1)
(*Enige relevante verduideliking*.)

7.5 Enige vaardigheid: boerdery, tuinmaak, bou, houtwerk, metaalwerk, lees, skryf✓ (1)

7.6 *Leerders moet hul eie mening gee met enige relevante verduideliking.*
Sendelinge het beide positiewe en negatiewe impakte op plaaslike gemeenskappe gehad.

- **Positief:** Hulle het die Christendom na die mense gebring, skole en hospitale gebou en mense leer lees en skryf.
- **Negatief:** Hulle het baie mense gedwing om hul tradisionele oortuigings, tale en gebruike prys te gee, wat plaaslike kulture benadeel het.

**Punte:** 2×1 = 2 punte
1 punt vir die noem van 'n positiewe of negatiewe effek; ✓
1 punt vir 'n geldige verduideliking of voorbeeld. ✓ (2)

**[8]**

**Vraag 8: Opstel** **[15]**

Inleiding (2 punte) ✓✓

Paragraaf 1 – Oorsake (3 punte) ✓✓✓
- Noem grond as 'n oorsaak / Zuurveld
- Noem beeste of hulpbronne as 'n oorsaak
- Noem wantroue of kulturele verskille

Paragraaf 2 – Hoe konflikte ontstaan het / gebeure (3 punte) ✓✓✓
- Noem grensoorloë/gevegte
- Noem vee-aanvalle of rooftogte
- Noem Britse betrokkenheid (soldate)

Paragraaf 3 – Gevolge (4 punte) ✓✓✓✓
- Xhosa het grond, beeste of huise verloor
- Lewens is verloor / mense het gesterf / gesinne het gely
- Mense moes uit hul huise vlug / gedwing word om hul huise te verlaat
- Xhosa verloor beeste / vee
- Britse wette het mag van opperhoofde weggeneem
- Xhosa het onafhanklikheid verloor

Gevolgtrekking (3 punte) ✓✓✓
- Gevolgtrekking wat die impak / veranderinge op die grens opsom (3)

---

**Voorbeeld-opstel: Konflik aan die Oosgrens**

In die vroeë 1800's het die Xhosa-mense en die Kaapse setlaars aan die Oosgrens geveg. Hulle wou albei dieselfde grond en diere hê, wat probleme (konflik) veroorsaak het.

Die hoofrede vir die gevegte was grond. Die setlaars het in die vrugbare Zuurveld ingetrek waar die Xhosa alreeds gewoon het. Albei groepe wou ook beeste en ander hulpbronne hê. Hulle het mekaar nie vertrou nie en het verskillende leefwyses gehad.

Daar was baie oorloë tussen die Xhosa en die setlaars. Hulle het mekaar aangeval en beeste gesteel. Later het die Britse soldate by die gevegte aangesluit en die Xhosa gedwing om oos van die Visrivier te trek.

Die oorloë het groot lyding veroorsaak. Die Xhosa het hul grond, huise en diere verloor. Baie mense het gesterf of moes hul blyplekke verlaat. Die Britte het nuwe wette gemaak en die Xhosa-hoofmanne het hul mag verloor.

Die gevegte het die lewe aan die grens vir altyd verander. Die Xhosa het hul grond en vryheid verloor, en die Britte het beheer oorgeneem. Hierdie gebeure het 'n belangrike deel van Suid-Afrika se geskiedenis geword.

## Nasien rubriek

| Kriteria en punte | Beskrywing en punte | Toegekende punt |
|---|---|---|
| Inleiding [2 punte] | *0/1 punt:* Geen inleiding of heeltemal irrelevante / beperkte oorsig. | _____ 2 |
| | *2 punte:* Die inleiding bied 'n duidelike oorsig van die onderwerp wat bespreek sal word. | |
| Inhoud [10 punte] Bespreking van die **oorsake, gebeure en gevolge** van konflik op die oosgrens van die Kaapkolonie | *0-1 punt:* Geen verduideliking of heeltemal irrelevant. | _____ 10 |
| | *2-3 punte:* Die inhoud is yl. Die vraag word onvoldoende aangespreek. Daar is 2-3 punte wat relevante besonderhede gee oor die oorsake en gevolge van konflik aan die oosgrens van die Kaapkolonie. | |
| | *4-6 punte:* Die vraag is grotendeels beantwoord. Die inhoud is relevant. Ten minste 4-6 punte wat die oorsake, gebeure en gevolge van konflik aan die oosgrens van die Kaapkolonie bespreek. | |
| | *7-10 punte:* Die vraag is volledig beantwoord. In 7-10 goeie punte het die kandidaat relevante inligting gekies om die argument te ondersteun. Die opstel bespreek duidelik die oorsake, gebeure en gevolge van konflik aan die oosgrens van die Kaapkolonie. | |
| Gevolgtrekking [3 punte] | *0/1 punt:* Geen gevolgtrekking of slegs 'n gedeeltelike gevolgtrekking. | _____ 3 |
| | *2 punte:* Die gevolgtrekking herhaal kortliks wat in die opstel bespreek is. | |
| | *3 punte:* Die slotparagraaf versterk effektief sleutelpunte en bied 'n duidelike begrip van die oorsake en gevolge van konflik aan die oosgrens. | |
| | | /15 |

**TOTAAL AFDELING B: [35]**

**GROOTTOTAAL: 50**